

Dinsdag 19 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:12
– 3:18

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs
3:18 (1983-vertaling)

Is die kerk nog ware getuie van die heerlijkheid van Christus?

Paulus beskryf in vers 14-17 'n beeld wat baie bekend was aan enige en elke Romein en burger van die tyd, maar meer moeilik vir ons in vandag se samelewing om te sien of te verstaan. Wanneer Romeinse soldate teruggekeer het ná 'n veldslag, is daar 'n groot en uitspattige parade gehou in die stad van herkoms. Wierook is gebrand in die strate en die reuk het die soldate nog meer laat jubel in die oorwinning. Maar vir die slawe en gevangenes wat uit die oorlog teruggebring was, het die reuk hulle aan die komende dood in die Arena laat dink. So gebruik Paulus 'n bekende wêreldbeeld om die aangename reuk van die evangelie aan sy lesers te beskryf teenoor die doodsreuk wat dit vir die verlorenes bring. Die aangename reuk wat lewe bring, is wat Paulus en die ander dissipels verkondig en die wêreld indra.

Hulle kan dit ook net doen omdat Christus so volmaak en opreg en goddelik is, nie mense in hulleself of verkondigers van die evangelie nie. Nee, Christus alleen is volkome en genoeg vir al ons nood en behoeftes, soos Paulus dit ook in ander dele beskrywe (3:4-6, geestelike nood; 9:8, materiële nood; 12:7-10, fisiese nood). So word ons elkeen ook gevul in alle behoeftes deur die inwoning van die Heilige Gees, die Gees wat ook die evangelie en die Woord op ons harte skryf/grafeer. Ons lewe in die nuwe verbond van Christus met die Gees wat aan ons die lewe skenk deur vanuit ons harte ons geloof te wek en te werk. Ons is nie meer gebind soos die volk van ouds aan die klipgeskrewe letters nie, maar dra die wet van God op ons harte.

Ons is nou elkeen dissipel van God in ons lewe en bestaan. Ons is nou getuienisbriewe van die evangelie, van die Koninkryk van God. Hoe lyk jou getuienis van God, wat lees die mense op jou getuigskrif aangaande die redding en genade wat jy ontvang? Laat die heerlijkheid van die Gees vanuit jou skyn soos die heerlijkheid van God op Moses geskyn het en dit getuienis wees vir almal wat na jou kyk.

Sing: Psalm 116-1:1, 9, 10

Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)